**Skriflesing:** Matt 5:33-37; Matt 21:28-32
**Tema:** Laat jou ja, ja wees.

Die Jode het ‘n volgorde gehad vir die aflê van ’n eed. Hulle het ede gesweer by die hemel, aarde en Jerusalem. Slegs ‘n eed in die Naam van die Here, is as bindend beskou.

Jesus wys dat mensgemaakte onderskeidings geen verskil maak nie. Die hemel is die troon van God, die aarde is die rusplek van sy voete en Jerusalem is sy stad. In wese roep jy God as getuie sodra jy ’n eed aflê.

Eerder as die afê van allerlei ede, moet ons mense van ons woord wees. Praat ten alle tye die waarheid. Persone wat in ‘n lewende verhouding met die Here, Hy wat die Waarheid is, staan het nie nodig om hul woorde met allerlei eedswerings te bevestig nie. Hulle ja is ja en hul nee is nee.

Wat meer as dit gesê word, kom van die bose. Ons lees in Joh 8:44b die volgende van die bose: “En hy (die duiwel) staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaal praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.”

In Matteus 21 vertel Jesus ‘n gelykenis wat aansluit by hierdie waarheid:

Die seun wat ja sê en nee doen verteenwoordig die Joodse leiers. Hulle is op ‘n baie gevaarlike plek. Hulle beoefen skyngodsdiens en is skuldig aan lippediens. Hulle wek die indruk dat hulle ja sê vir God , maar hulle aanvaar nie Jesus Christus as Verlosser nie.
Hulle sê ja vir die kerk. Die kerk is vir hulle alles. Hier kan hulle baasspeel en maak en breek soos hulle wil. Maar hulle sê nee vir Jesus, want hy pas nie in by hulle verstaan van ’n Verlosser nie.

Die tollenaars en prostitute word verteenwoordig deur die seun wat nee sê en dan ja doen. Hulle is die mense wat aanvanklik sê dat hulle nie die Here wil dien nie. Daarna hoor hulle sy goeie nuus, kry spyt en gaan gehoorsaam Hom.

Die Vader van die twee seuns is God. Hy sê eerste, deur sy Seun Jesus Christus, kruisgroot ja vir ons. Ons is sy seuns en dogters.

Die wingerd is die wêreld daarbuite.

Vandag roep die Here weer vir elkeen van ons om sy kerk te wees en te gaan werk in sy wingerd.
Wat antwoord ons? So maklik sê ons vir God ja, maar leef ons ons ja?

**By die doop het ons vir Hom ja gesê op die volgende vraag:**
Beloof julle om hierdie kindjie, van wie julle vader en moeder is, in dié leer na die beste van julle vermoë te onderrig en te laat onderrig?

**By ons troue ons vir Hom ja gesê op die volgende vraag:**
Beloof jy dat jy haar nooit sal verlaat nie, dat jy haar in liefde sal lei en beskerm soos 'n Godvresende man aan sy vrou verskuldig is.
Beloof jy dat jy hom nooit sal verlaat nie, dat jy hom in liefde sal eerbiedig en help soos 'n Godvresende vrou aan haar man verskuldig is.

**By belydenis van geloof sê ons ja op hierdie vrae:**
1. Glo jy dat die Bybel die waarheid is, en dat Jesus Christus die enigste Verlosser is deur wie ons die nuwe lewe kan kry?
2. Beloof jy om, deur God se genade, vir die res van jou lewe getrou te wees aan die belydenis wat jy vandag aflê ? En sal jy alle leringe wat nie met die Bybel ooreenstem nie, verwerp?
3. Het jy vir Jesus Christus as jou persoonlike Verlosser gekies en het jy Hom lief? Beloof jy om Hom te dien en nie skaam te wees om sy Naam voor ander mense te bely nie?
   Beloof jy om deel te wees van die werksaamhede van die kerk, sodat nie net jou eie geloof sal groei nie, maar jy ook Christus se liefde met ander kan deel?
4. Onderneem jy, saam met die ander gelowiges van die gemeente, om vir mekaar om te gee en te sorg en mekaar in liefde tereg te wys om so te help dat ons die eer van die Here sal beskerm?

Jy sê ja, maar leef jy jou ja?

**Afsluiting.**
By 'n sportstadion is 'n klomp mense wat ja sê vir sport.
Kom ons gebruik rugby as voorbeeld. By 'n stadion is daar baie mense op die pawiljoene. Daar is mense in losies en mense in die kleedkamer. Daar is reserwes langs die veld, maar daar is net 30 spelers wat speel. Ons sê so maklik ja vir die Here, maar dan sê ons ja om op die speelveld te wees. Op al die ander plekke beteken ons vir Hom niks. Eintlik sit ons baie keer net daar en lewer kritiek.
En die 30 manne op die speelveld is nie volmaak nie. Hulle maak foute, slaan balle aan en mis duikslae. Maar hulle stap nie af na die eerste foutjie nie. Hulle speel die spel. Moenie dat enige mens jou laat verstaan dat jy nie goed genoeg is om vir die Here te speel nie.
Sê ja en speel voluit vir die Here. Laat jou ja, eenvoudig ja wees en jou nee, nee.
Amen